DIREK AAN JOU

'n Verhaal van verandering

Publikasie: USB Agenda
Datum: April 2014

Prof Eon Smit, 'n voormalige direkteur van die USB, skryf oor die USB se 50-jarige bestaan.

Daar moet op 'n spesifieke manier na die vyftigjarige geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool gekyk word, en dit is teen die agtergrond van deurlopende verandering en nie toevallige, ongekoördineerde verandering wat bestuursmodes of korttermynmarktendense volg nie. Covey beskou hierdie soort verandering as volg: "Die sleutel tot die vermoë om te verander is 'n onveranderlike sin van wie jy is, wat jy is en dit waaraan jy waarde heg". Verandering manifesteer in alle dimensies van die Skool se bestaan en aktiwiteite. Hierdie omskepping kan in breë trekke soos volg uitgebeeld word:

Wat die strategiese keuse van 'n teikenmark betref, het die USB van rigting verander van 'n instelling wat op die plaaslike mark vir sakeopleiding gerig was na 'n nasionale speler en van daar af na 'n gerespekteerde speler op die internasionale terrein, met spesifieke klem op Afrika. Om hierdie oorgang moontlik te maak, moes die USB sy taal-aanbod van slegs Afrikaans verbreed om die volgende in te sluit: 'n tweetalige aanbod en 'n portefeulje van programme wat net in Engels aangebied word.

Verandering is ook waarneembaar in die verbreding en verdieping van die Skool se akademiese portefeulje. Die USB het vyftig jaar gelede slegs die MBA-graad aangebied. Vandag sluit die USB se akademiese portefeulje die volgende in: meestersgrade in Ontwikkelingsfinansies, Toekomsstudies (in samewerking met ITN) en Bestuursafrigting, Nagraadse Diplomas in Ontwikkelingsfinansies, Leierskap, Projekbestuur en Toekomsstudies, asook PhD-grade in Sakebestuur en Ontwikkelingsfinansies. Soos die akademiese programme toegeneem het, het die navorsingsentrums ook vermeerder. Dieselfde geld vir die navorsingspublikasies, wat dui op die voortgesette klem op die ontwikkeling van 'n navorsingskultuur en die vermoë om volhoubare intellektuele groei te ondersteun – in die Skool én in ons kliënte se organisasies.

Die sakemodel vir bestuursonderrig het aan die einde van die vorige eeu radikaal verander met die oorskakeling van 'n interne model na 'n model wat in private besit is met die Universiteit Stellenbosch as die hoofaandeelhouer ('n eerste in die wêreld). Die USB en die Universiteit werk dus saam om aanpasbare oplossings vir die ontwikkeling van markgeleenthede vir bestuursontwikkeling oor die wêreld heen te verskaf terwyl dit terselfdertyd gedeeltelike befondsing vir die USB se belangrikste akademiese aktiwiteite bied. Hierdie oplossing is 'n groot sukses met USB Bestuursontwikkeling (USB-BO) wat kommersieel uitvoerbaar is en ook die USB-handelswerk wêreldwyd versterk.

Groei in die aantal en diversiteit van akademici is deel van die veranderingsproses. Akademici en personeel verteenwoordig in 'n al groter mate die diversiteit van Suid-Afrika en Afrika, met intellektuele groei wat daarmee ooreenstem. Die groeipad van die Skool is uiters afhanklik van innoverende oplossings wat seker maak dat die groei in intellektuele kapitaal met die markpotensiaal van die Skool se akademiese aanbod byhou.

Gehalte in alle opsigte was nog altyd deel van die Skool se visie en strategiese plan. Die Skool het oor die jare daarin geslaag om die bedryf, die opleidingsektor en alumni se kriteria vir internasionale gehalte na te kom, soos gesertifiseer deur die EQUIS-, AACSB- en AMBA-akkreditasies. Hierdie sogenaamde *Triple Crown*, wat slegs vir 'n klein aantal instellings in die wêreld beskore is, verskaf waarborge dat die plaaslike speler van vyftig jaar gelede homself suksesvol in 'n gerespekteerde lid van die internasionale bestuurskoolgemeenskap omskep het.

Besoekende studente van die klas van '64 sal nie die moderne fasiliteite of die gesigte wat hulle verwelkom, herken nie. Maar hulle sal dalk die innoverende gees en die toewyding tot gehalte herken, en hulle sal hopelik tuis en gemaklik voel met die waardes wat hulle teëkom.

- *PROF EON SMIT* was vanaf 1996 tot 2010 direkteur van die USB. Die USB het onder sy direkteurskap EQUIS- en AMBA-akkreditasie ontvang.